DEEL 113 | WEEK 48 | 3 DESEMBER 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# PASOP! VEEDIEWE DINK KRISMIS IS HIER

## VOORVALLE STYG SKERP



"Veediewe maak ons klaar met die aanloop van die Kersseisoen" sê die veediefstaleenheid van Heilbron. Die aflope week is daar 32 skape gesteel en pot-slagtings kom al hoe meer voor. Beeste wat nie gebrandmerk word nie is ons ander kopseer. Die Vrystaat provinsie het 'n skerp toename in die laaste maand ondervind rakende veediefstal. Dié beraming word gemaak op inligting wat deurgegee word aan die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) en Vrystaat Landbou (VL) deur die verskillende beheerkamers in die Vrystaat. Baie van die sake is by laasgenoemde aangemeld, maar nie 'n saak geopen by die SAPD nie. Diefstal van beeste in die Vrystaat het met 38 % gestyg.

Veediewe raak kreatief met hulle metodes van steel, omrede kamerastelsels op distrikspaaie dit vir hulle bemoeilik. Vrystaat Landbou en die RPO Veediefstal Forum doen 'n ernstige beroep op boere om alle veediefstal insidente by die polisie te rapporteer vir ondersoek, asook om te verseker dat hulle aan die Veediefstalwet voldoen en hul vee na gelang brandmerk ten einde eienaarskap te bewys. Dit is ook baie belangrik om sake aan te meld sodat 'n werklike statistiek daargestel kan word deur die Minister van Polisie. Isabel Kruger van die Veediefstal Voorkoming Forum van die RPO in die Vrystaat maan die vee-eienaars om nie kontanttransaksies aan te gaan waar groot bedrae kontant betrokke is nie. Hierdie lei tot verdere misdaad waar die verkoper dan deel word van misdaad statistiek en met sy/haar lewe kan boet. Mnr Jakkals le Roux, Veiligheidsvoorsitter vir VL, versoek dat indien u wel so 'n transaksie beklink daar genoeg bystand moet wees om onnodige lewensverlies te verhoed. Die RPO en Vrystaat Landbou het verskeie aanbevelings met die polisie bespreek om hierdie kersseisoen se misdaad te probeer bekamp. Verhoogde fokus op misdaadvoorkoming operasies moet plaasvind tesame met wit-/bloulig patrollies in samewerking met boerderygemeenskappe. Daar is ook aanbeveel dat veediefstal speurders, sigbare polisiebeamptes en misdaadintelligensie moet saamwerk ten einde die afsetgebiede en markte vir gesteelde vee te bepaal, asook dat voorlê dienste/operasies geloods word en gereelde besoeke aan veilingskrale in hul omgewing uitgevoer word. Ons lewens asook die van ons families, ons eiendom en vee is kosbaar.

Vir hierdie rede versoek die RPO Veediefstal Forum en Vrystaat Landbou dat elke vee-eienaar homself paraat moet hou deur samewerking met die boerderygemeenskap, asook die SAPD en sodoende seker maak dat daar nie onnodige en onbekende persone u perseel betree om vee te koop, of enige ander toerusting en dit later uitloop op 'n misdryf nie.

KERSADVERTENSIES 2021

Wens jou kliënte 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2022 toe met ons spesiale Kerskoerant en laaste uitgawe op 17 Desember

Besprekings sluit 13 Desember

heraldnuus@heilbron.co.za

| | |
|---|---|
| Volblad: | R3600 |
| Halfblad: | R1890 |
| Kwartblad: | R945 |
| 15x4: | R765 |
| 10x4: | R515 |
| 10x2: | R260 |
| 5x2: | R135 |



BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff : 083 210 7135

Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071

E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

www.bkb.co.za

Reg. No: 2005/026173/07

*Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!*

POSTNET 2 POSTNET

heilbron@postnet.co.za

064 988 6078 058 853 0006

OVER 400 STORES IN SA

0-5kg R99






# NOG TWEE BINNE 24 UUR VERMOOR

Die gemeenskap is in rou nadat twee boere binne 24 uur in die nabygeleë omgewing vermoor is. Tien swaar gewapende mans het Maandagoggend 'n gesin op hul plaas naby Bothaville in die Vrystaat oorval. Die verdagtes het hul vuurwapens op die gesin gerig en geld geëis. Die gesin het geld gegee, maar dit was glo nie genoeg nie en het die aanvalles gedreig om hulle babadogtertjie te vat indien hulle nie meer geld kry nie.

Verder is nog niemand in hegtenis geneem in verband met die moord op Christian van Tonder (29), 'n jong boer van Lindley wie se liggaam Maandagaand in die Barrage-omgewing in Gauteng gevind is. Christian is glo 'n enkele keer geskiet en was nog in sy bakkie met sy selfoon steeds op die toneel. 'n Vee-aankoper het hom 17:00 die laaste keer lewend gesien. Christian van Tonder is die derde geslag boer met Drakensberger-beeste en het die boerdery na sy pa se dood oorgeneem. Hy word oorleef deur sy ma, Risa en suster, Elsari Cronjé.

Die SAPD het 'n verdagte plaasaanvaller noodlottig gewond in Koppies nadat 'n groep van vier mans vroeër die dag 'n boer, Johan Prinsloo (64), geskiet en vermoor het op sy plaas Bosloo in die omgewing. 'n Gewapende man het die oggend 07:30 op Johan Prinsloo en sy werkers geskree terwyl hulle besig was met daaglikse plaaswerk en lukraak begin skote afvuur. Nadat hulle vir skuiling gehardloop het, is Prinsloo getref. Een van die verdagtes is 'n paar uur later in die omgewing aangetref en het op die SAPD begin skiet terwyl hy 'n beboste gebied ingehardloop het. Die lede het teruggeskiet en hom getref. Paramedici het hom later dood verklaar.

Kriminele aktiwiteite vier ongelukkig hoogty hierdie tyd van die jaar en moet veral landbougemeenskappe baie paraat en oplettend wees vir enige verdagte persone of voertuie.

*Op die foto links: Christian van Tonder. Op die foto regs: Johan Prinsloo.*

# PROVINSIE BEVEEL NGWATHE: BESPAAR!

Ngwathe, soos ses ander Vrystaatse munisipaliteite, moet nou onder dwang van die provinsie afsien van sy duur bestuurstelsel onder 'n uitvoerende burgemeester. Hierdie stelsel kos Ngwathe sedert 2017 miljoene rand per jaar ekstra, onder meer omdat agt ANC-raadslede voltyds dien op die burgemeesterskomitee. Ngwathe sal nou moet oorslaan na 'n sogenaamde kollektiewe uitvoerende komitee (UK).

Die opdrag is Maandag in die Vrystaatse Wetgewer aangekondig deur Mnr Mxolisi Dukwana, provinsiale LUR vir plaaslike regering. Hy het gesê dis 'n stap om munisipaliteite soos Ngwathe finansieel meer volhoubaar te maak. "Ons kan nie sit en toekyk hoe dié rade geld wanbestee nie."

DA-LPW Leona Kleynhans, het die aankondiging verwelkom, maar sê dit was al vroeër nodig. Sy voorspel dat ANC-raadslede in voltydse posisies dit sterk gaan teenstaan.

DA-raadslede bepleit lank reeds die kollektiewe UK wat nou hopelik ingestel sal word. "Dis baie goedkoper, en meer demokraties," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel. Hy verduidelik dat die burgemeester onder hierdie stelsel minder magte het, en dit deel met 'n uitvoerende komitee, wat bestaan uit deeltydse raadslede. "Deeltydse raadslede is natuurlik baie goedkoper as voltydses." Die nuwe UK sal ook pro-rata lede hê van al die groter partye. "Die ANC sal nie meer die trom alleen slaan soos nou nie," sê Schoonwinkel.

DA-raadslede in Ngwathe wil nou ook 'n ANC-gedrewe besluit vir twee ekstra voltydse raadslede probeer omkeer. "Dis nodig omdat twee deeltydse ANC-raadslede verlede week in twee nuutgeskepte poste vir voltydse raadslede verkies is," sê DA-raadslid Saal de Jager. Hy sê dit was ten spyte van sterk teenstand deur die DA en die Vryheidsfront Plus. Een van die twee nuwe poste is dié van 'n voltydse sweep. Hierdie sweep sal onder meer help tel wanneer raadslede oor iets stem. "Dis totaal onnodig, flagrante wanbesteding," sê De Jager aan Herald, "want die twee poste alleen gaan omtrent sewehonderduisend rand per jaar ekstra kos."

Rade en die publiek het tot 15 Desember tyd vir kommentaar aan die Provinsie.










SPAR Rewards
ONS HET die KERSFEES BESPARINGS WAT JY VERDIEN!
met gratis
INKOPIES VIR 1000 KLANTE
ELKE DAG
TOT 5 DESEMBER 2021
Gebruik net jou SPAR Rewards-kaart by die betaalpunt en WEN dalk
OP DIE PLEK!
SPAR
SPAR Langlewe Melk Volroom; Lae-Vet of Afgeroom 6 x 1 liter
FULL CREAM MILK
72.99 per pak
TV
Rama Oorspronklike 70%-Vet Smeer Blok 500g
18.99
TV
CHOICE ASSORTED
Bakers Keurverskeidenheid Beskuitjies 1kg
Kry R5af
89.99
SPAR Butcher's Best Spek Verskeidenheid of Hoender-Repies 200g
28.99 per pak
SPAR Verfynde Witsuiker 2,5kg
REFINED WHITE SUGAR
39.99
Tastic Halfgaar Langkorrelrys Verskeidenheid 2kg
TASTIC
24.99 per pak
TV
Coca-Cola, Fanta, Sprite, Stoney Gemmerbier (Slegs Zero/Lite Reeks) of TAB 2,25 liter
MULTI-KOPIE
Koop enige 2 en kry
R4af
30.00
TV
MULTI-KOPIE
Koop enige 2 en kry
R10af
SPAR Roomys Verskeidenheid 2 liter
80.00
TV
Kellogg's
CORN FLAKES
Kellogg's Graanvlokkies 750g
Kry R3af
39.99
WhatsApp
0860 313 141
*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.
Kerf en Sny
Soos 'n MeesterSjef
en kry tot
80%AF
KOOP
VERSAMEL
SPAAR TOT 80%
SPAR
Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) vanaf 30 November tot en met 5 Desember 2021, terwyl voorraad hou.
Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. Nie beskikbaar in die Upington en Keimoes area, KwaZulu - Natal, die Laeveld of Belfast en die Wes of Oos - Kaap.
TV produkte landwyd beskikbaar. Pryse sluit BTW in. Foute en Weglatings Uitgesluit (F&WU).

# WEEK AGT-EN-VEERTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

Jammer om te veralgemeen, maar mans wil mos altyd braai. Winter, Somer, reën, hael of sneeu. Toe word hulle honger en toe word hulle dors.

Jaar in en jaar uit braai ons met die eerste personeelfunksie van die jaar. Ons braai met toesighou-sokkies. Met die aankondiging van die nuwe bestuursliggaam en met die personeel se afsluitingsfunksie.

Die koshuistannies het paptert, gemengde slaai, aartappelslaai, broodrolletjies en roomys voorberei. Alles op die lang tafel in die personeelkamer uitgepak. En wyn, bier, hardehout, sawwe hout en ys. Met sakke vol vleis wat gewag het tot die kole reg is.

Jopie was die braaier. Bewaar jou siel as jy probeer inmeng. Jy kry jou vleis soos Jopie dit braai en basta. Soms was Jopie gaar voordat die vleis gaar was.

Soos by alle ander Afrikanerbraaie, staan die mans bymekaar en vertel rowwe grappe. Die vrouens sit soet in die personeelkamer en giggel beleefd vir mekaar se stories. Jammer om te sê, maar daar was telkemale 'n paartjie wat dikbek-dikbek huis toe is omdat pappa te veel voggies ingekry het. Dit was immers verniet. Hoe het my gryse ou pa altyd gesê: "Skink terwyl daar nog 'n druppel blink."

Een mooi dag stel die damespersoneel voor dat die mans by die personeelkamer braai en die vroue 'n safari-ete hou.

Ons kom by my huis bymekaar vir sjerrie, voorgereg by Martie, hoofmaaltyd by Anna en nagereg op Elize se plaas net buite die dorp.

Hoe kom ons almal betyds daar? Maklik: met die skool se wit bus. Met plek vir so 24 mense. En raai wie was die bestuurder? Die enigste vrou by die skool met 'n swaarvoertuiglisensie. Ek.

Ek het die middag die bus gaan uittrek, die faktotum het gesorg dat daar genoeg brandstof in is. Almal het by die skool bymekaar gekom.

Die mans het solank hulle vure gestook (interpreteer soos jy wil) en die vroue het almal in die bus geklim. Baie bedees en kalm.

Ons het om die draai gery en by my huis gestop vir sjerrie. Ek mog niks drink nie, want ek is die *designated driver*. Net Coke Light vir my, dankie.

Na die sjerrie is ons na Martie toe. Sy was regtig 'n Spreuke 31-vrou: sy het geskilder, musiek gemaak, goetertjies geverf, haar huis was kraaknetjies (hoe kry jy dit reg?), haar kinders se hare altyd presies gekam en het altyd net die regte ding gedoen.

Maar haar man het die vieslikste dasse gedra: bont dasse by bont hemde. Die dasse was so groot soos borslappe, en dit was gewoonlik te kort geknoop. Jip, in daardie dae was die mans *ge-collar* en *ge-tie*. Hy het ook die eerste- en tweede rugbyspan afgerig. Vir enige Afrikaanse skool is rugby mos heel bo aan die lys van prioriteite: wanneer die rugbyseisoen verby is, gaan lê die afrigters agter die paviljoen en kyk hoe die rugbyveld se gras groei.

Iedergeval, van Martie is ons na Anna toe. Almal het weer bedees in die bus geklim.

Anna en haar man het na ons skool toe gekom omdat Anna 'n reputasie gehad het. 'n Goeie reputasie: sy het 'n spesialisvak gegee en het daarin uitgeblink. Haar man moes saamkom, want hulle is 'n pakket. Haar man het 'n (selektiewe) gehoorprobleem gehad. Hy het presies net gehoor wat hy wou, en het verder gemaak net wat hy wou. Soveel so dat die skoolhoof hom later dissiplinêr aangekla het. Dit het vir my soms aan viktimisering gegrens. Maar dit is my opinie.

Na afloop van Anna se kuier, klouter meer as die helfte van die damespersoneel tot op die dakrak van die bus. Ek staan verstom: tannies van amper sestig klim met glase vol wyn met die leertjie op, sit op die dak en waai vir die res van die dorp.

Ons gaan na Elize se plaas vir nagereg. Halfpad word daar op die dak geslaan: Stop! Stop! Wat is die probleem?

Daar is 'n vriendelike uitnodiging dat die dames wat steeds in die bus sit, dadelik op die dak moet gaan sit. Dit gedoen, is die volgende stop by Elize.

Ons kry heerlike nagereg. Teen hierdie tyd skreeu almal van die lag, party raak fluks aan die skinder oor hulle mans, ander oor die manspersoneel. Wat seker teen die tyd darem al 'n vleisie oor die lippe gehad het.

Teen pampoenkoets-tyd begin die damespersoneel se fone een na die ander lui: dit is die mans. Hulle wil weet wanneer die dames gaan terugkeer skool toe, want hulle wil nou huis toe gaan.

Min wat dit gebeur.

Die meeste dames lag dit af en drink nog 'n glasie wyn.

Uiteindelik vertrek ons vanaf Elize se plaas. Tot op hede het ek ten minste een persoon gehad wat voor by my in die bus gesit het, maar met die vertrek klouter dié ook tot op die dak van die bus.


Ons ry middernag deur die dorp op pad skool toe. Dit klink soos 'n studentejool: hulle sing allerhande vreemde liedjies, klap op die dak en lag kliphard.

Ek laai almal by die skool af. Jammer om te sê, maar daar was paartjies wat dikbek-dikbek huis toe is omdat mamma te veel voggies ingekry het.

Wanneer ek hieraan terugdink, dink ek aan twee dinge: die heerlike gees wat daar onder ons geheers het. Ons was ongeveer 25 op die personeel, en het 'n paar jaar later tot by 52 aangegroei. Toe die personeelkorps klein was, was almal deel van mekaar. Die meeste het naby die skool gewoon. Met die groter personeel het die meeste in die buurdorp gewoon en weg was die sinergie.

Die tweede ding waaraan ek dink, is hoe onverantwoordelik ek opgetree het om klomp mense op 'n bus se dak rond te ry. Maar soos wat alle ouer mense vir jou sal sê: *Those were the days my friend, We thought they'd never end, We'd sing and dance forever and a day. We'd live the life we choose, We'd fight and never lose, For we were young and sure to have our way*

**KERSUITGAWE**
**17 DESEMBER 2021**
**Kontak Silma Petzer indien u in ons spesiale uitgawe wil adverteer.**




# FEZILE DABI DIALOGUE

Free State SAPS Provincial Crime Prevention descended together with sister departments on Namahadi, Frankfort on Tuesday 30 November 2021 to deliver an "Under the Tree dialogue." The program was conducted in line with 16 Days Activism for no violence against women and children campaign which is a National Annual Calender event.

It was facilitated by Capt Frans Sekwati. The activities took place through commissions. About 100 men were divided into four groups with each looking into four different topics:-

1. The role played by culture in our personality, beliefs and values.
2. Cultural factors influencing my personality.
3. Confronting stereotypes and myths.
4. How to deal with past traumatic experiences and influences.

These topics enabled all men to participate and dealt and confronted the views and myths that entrenches Gender Based Violence and Femicide. They also dealt with bias in view of GBVF and the myths associated with both religious and cultural precepts and perceptions on the role of men in society, as well as how those precepts enhances patriarchy and oppress women. The stakeholders that were present included Community Police Forum (CPF), Fezile Dabi District Spiritual Crime Prevention, Mafube, Cornelia and District SAPS, Department of Justice and Constitutional Development (DoJ and CD), Legal aid board and Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk, Namahadi as the host. Capt Sekwati and representatives from sister departments will be at Tweeling and other stations in Free State talking about domestic violence as well GBVF during the 16 Days Campaign to curb the scourge of these social problems.





# KENNISGEWINGS

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the **ESTATE OF THE LATE CHRISTINA JACOBA LEONARD, IDENTITY NUMBER: 490213 0052 080,** in life is widowed, Farm Robertsdam, district Heilbron, 9650, province Free State,
**ESTATE NUMBER: 3505/2021.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the **ESTATE OF THE LATE LUKAS JOHANNES POTGIETER NEL, IDENTITY NUMBER: 371004 5020 089,** in life married in community of property with **DORATHEA MARIA NEL, IDENTITY NUMBER: 590216 0031 086,** residing at 3 Rosenlaan, Lourensia, district Koppies, 9650, Province Free State,
**ESTATE NUMBER: 008040/2021.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the **ESTATE OF THE LATE JOHAN THEO BENNINK, IDENTITY NUMBER: 481121 5003 084,** in life married out of community of property, residing at 134 Raubenheimer Street, Heilbron, Province Free State, who died on 03/05/2017
**ESTATE NUMBER: 10109/2017.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on 24/11/2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the **ESTATE OF THE LATE BELINAH NKETLE, IDENTITY NUMBER: 630404 0641 086,** in life married in community of property with **SIMON THABO NKETLE, IDENTITY NUMBER: 580325 5779 086,** residing at Erf 2003 Phiritona, district Heilbron, 9650, Province Free State,
**ESTATE NUMBER: 672/2020.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42, HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

# SUDUKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 3 | | | 7 | | | | |
| 6 | | | 1 | 9 | 5 | | | |
| | 9 | 8 | | | | | 6 | |
| 8 | | | | 6 | | | | 3 |
| 4 | | | 8 | | 3 | | | 1 |
| 7 | | | | 2 | | | | 6 |
| | 6 | | | | | 2 | 8 | |
| | | | 4 | 1 | 9 | | | 5 |
| | | | | 8 | | | 7 | 9 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 9 | | | 7 | 2 | 8 |
| 2 | 7 | 8 | | | 3 | | 1 | |
| | 9 | | | | | 6 | 4 | |
| | 5 | | | 6 | | 2 | | |
| | | 6 | | | | 3 | | |
| | 1 | | | 5 | | | | |
| 1 | | | 7 | | 6 | | 3 | 4 |
| | | | 5 | | 4 | | | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

## SIS PULI'S RESTAURANT FORM FSLA2 NOTICE OF INTENTION TO APPLY IN TERMS OF SECTION 27 READ WITH SECTION 31 FOR REGISTRATION FREE STATE GAMBLING AND LIQUOR ACT, 2010

Notice is hereby given that Puleng Doris Mohale intends to lodge an application on 3 December 2021, particulars of which appear hereunder.
1. Municipality: Nketoana Local Municipality.
2. Full names, street and postal address of applicant and identity no. or registration no: Mohale, Puleng Doris, ID 641115 0484 08 0.
102 Moholobela Street, Mamafubedu,
Petrus Steyn, 9640
3. Kind of registration applied for: New liquor licence: Tavern registration certificate alternatively restaurant registration certificate.
Kind of product to be sold/manufactured: All kinds of liquor.
Name under which business is to be conducted and full address of premises:
Sis Puli's Restaurant, 368 Mamba Street, Mamafubedu, Petrus Steyn, 9640.
Erf 368, Mamafubedu, Petrus Steyn, Free State.
6. Name of, nature of and distance to institutions of learning, similar registered premises and places of worship:
1. Mamafubedu Secondary School, institution of learning, ±433m.
Any person may, within 21 days from 3 December 2021 (date of publication in Provincial Gazette) lodge in terms of section 33 of the Free State Gambling and Liquor Act, 2010 an objection in writing to the Free State Liquor Authority (address set out hereunder). The objection must clearly indicate the full names, identity number, residential address, postal address and telephone number, if any, and where applicable, its registration number and address of its office, of the objector. The objection must also identify the application to which it relates.
*The application may be inspected at the offices of the Authority during their office hours. The address of the relevant Office of the Liquor Authority is 111 Zastron Street, Westdene, Bloemfontein, 9300.
**Place: Lindley**
**Date: 2021/11/19**
**Cell: 072 013 3440**

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033

Die **Heilbron Herald** se **fabriek** sluit die **16de Desember 2021** en heropen **DV 10 Januarie 2022.**

**Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teleurstelling te voorkom.**

Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.

**Elsstraat 44 Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

*Winkelure*
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

**SCHOOL TERMS 2022**
School open:
12.1.2022
• School close:
17.3.2022
School open:
5.4.2022
• School close:
24.4.2022
School open:
19.7.2022
• School close:
30.9.2022
School open:
11.10.2022
• School close:
14.12.2022

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

# HOËRSKOOL HEILBRON SE VRL EN MK BEPLAN VIR 2022

Vir twee dae was Waaihoek Moya weer die tuiste vir Hoërskool Heilbron se VRL en MK wat vir 2022 aangewys is. Vanaf 29 November het die leerders tydens die kamp relevante opleiding ontvang en die span het dan ook hulle beplanning vir die komende jaar gedoen. Daar was darem tyd vir die bos-aktiwiteite ook. Tipies soos alle kinders traag en vaak raak in die klas, ontdooi hulle en word al die energie omgeskakel in opgewonde gelag en gejil tydens sulke aktiwiteite. Dis hier waar hulle mekaar aanmoedig, ondersteun en kort voor lank is alle fobies oorkom. Met die donkie wat verseker dat warm water beskikbaar is, word die skrape en modder afgewas en dan kom die stories en gesels om die kampvuur aan die beurt. Tussendeur kon hulle smul aan tuisgemaakte vetkoeke met maalvleis, Sparerib-burgers en "Medupi special" vir ontbyt. Met die laaste sessies was hulle lyftaal definitiewe bewys daarvan dat 'n laataand en konsentrasie die volgende dag nie hand aan hand loop nie. Tyd vlieg baie vinnig op sulke kampe en was hulle weer op pad die 30ste November. Geniet julle vakansie, geseënde feesgety, en voorspoed en sterkte vir julle taak vir volgende jaar.







# SO LYK HEILBRON SE GETALLE NOU

## *Veg nuwe variant*




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 2 Desember 2021 en dui aan Ngwathe het 5528 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1340 staan en is daar 3 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 25 November 2021.

Die nuwe covid-19-variant, Omikron, het die wêreld behoorlik op hol sedert wetenskaplikes verlede week aangekondig het dat verskeie gevalle in Suid-Afrika aangemeld is. Talle lande het onmiddelik reisbeperkings na en van Suid-Afrika ingestel. Hoewel President Cyril Ramaphosa Sondag nie verdere inperkings op Suid-Afrika ingestel het nie, wonder talle inwoners of hul vakansieplanne later die maand opgeskort gaan word.

Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08: 00-16:00. Die digitale inentingssertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na https://vaccine.certificate.health.gov.za/ om vandag joune af te laai.







Die **Heilbron Herald se fabriek** sluit die **16de Desember 2021** en heropen **DV 10 Januarie 2022**.

**Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teleurstelling te voorkom.**

Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

HERALD Sport



# GEE OM VIR OUD-VRYSTATERS

De Wet Ras, Vrystaat Rugby se eertydse puntemasjien van die sewentig- en tagtigerjare, was een van die eregaste Saterdag tydens die jaarlikse Prestige Gholfdag op Heilbron. De Wet (regs) en Helgard Muller (links), ook 'n oud-Vrystaat speler, het Vrybos (Vrystaat Bond vir oud-spelers) op dié dag verteenwoordig. Vrybos beywer hulle om oud-spelers in nood by te staan en is afhanklik van skenkings en borge om fondse te in. Memorabilia van oud-spelers is as items aangebied op die veiling en kon Heilbron op hierdie manier help om die koffers van Vrybos aan te vul. Oud-Heilbronner Neels Barendrecht (2de van links) uitvoerende hoof van Agility Channel, het in 2010 die behoefte raakgesien. Hy het 'n gesprek met oud-spelers daaroor gevoer en so het Vrybos ontstaan. Hulle word ook geborg deur Agility en HEALTH SQUARED Mediese Skema. Gholfdae is 'n goeie platform vir fondsinsameling en het Heilbron Gholfklub se president Gerrie Muller genoem dat die klub deur gholfdae in 2021 meer as R300 000 ingesamel het vir kerke en verdienstelike sake.

Francois Hattingh (2de regs) het 'n geraamde foto van Frans Steyn se beroemde skop van 2007 gekoop. Johnny Claassen (middel) het saam De Wet klas gedraf en rugby gespeel in die tagtigs op Kovsies.











BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 6 DESEMBER 2021**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 7 DESEMBER 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling.
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

**WOENSDAG - 8 DESEMBER 2021**

REITZ Kersveiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG Vetvee veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

**DONDERDAG - 9 DESEMBER 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 10 DESEMBER 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

